| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE Hoë HOF NOORD-KAAP, KIMBERLEY

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA & R 10/2009** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **24 / 08 / 2009** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **28 / 08 / 2009** |

In die appèl:

**JANNETJIE BITTERBOS** **Appellant**

en

**DIE STAAT** **Respondent**

*Coram:* Williams, R et Botha, WnR

## UITSPRAAK OP APPÈL

**Botha, Wnr**

[1] Die Appellant is op 27 Mei 2005 skuldig bevind aan moord op haar saamleefman, Gert Horst.

[2] Die Appellant het skuldig gepleit op die klagte van moord deurdat sy op 11 September 2004 die oorledene een steekwond met 'n mes in sy bors toegedien het en dat hy as gevolg van die steekwond gesterf het.

[3] In die skriftelike pleitverduideliking namens die Appellant voorgehou, word verduidelik dat die Appellant ten tyde van die voorval onder die invloed van alkohol was, dat daar 'n argument was tussen haar en die oorledene en dat sy daarna die oorledene met die mes gesteek het. Die pleitverduideliking meld ook dat sy berou gehad het en die voorval aangemeld het by die eienaar van die plaas waar sy en die oorledene gewoon het en hom versoek het om 'n ambulans en die polisie te kontak.

[4] Die vonnisoplegging is uitgestel ten einde 'n voorvonnisverslag te verkry van die korrektiewe beampte.

[5] Op 28 November 2005 het die korrektiewe beampte, mnr. Witbooi, getuig en het die streeklanddros die Appellant gevonnis nadat die staat en die verdediging betoë met betrekking tot vonnis voorgele het.

[6] Die verhoorlanddros het bevind dat daar geen dwingende en wesenlike omstandighede in die saak aanwesig is wat daartoe kan lei dat die voorgeskrewe minimum vonnis van 15 jaar gevangenisstraf nie vir die Appellant opgelê moet word nie.

[7] Op 26 Mei 2008 is onsuksesvol aansoek gedoen om te appelleer teen die opgelegde vonnis.

[8] Die Appellant nader hierdie Hof op appèl nadat verlof daartoe verleen is op grond van 'n versoekskrif gerig in terme van Artikel 309(c)(2) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977.

[9] Mnr. P.J. Cloete, in opdrag van die Regshulpraad, het namens die Appellant geargumenteer dat die verhoorlanddros misgetas het deur nie dwingende en wesenlike omstandighede te vind nie en gevolglik fouteer het deur 'n vonnis van 15 jaar gevangenisstraf op te lê.

[10] Mnr. Cloete argumenteer dat die verhoorhof misgetas het deur nie die volgende as dwingende en wesenlike omstandighede in ag te neem nie.

10.1 Die Appellant was 27 jaar oud tydens die voorval.

10.2 Die Appellant was ongetroud en het vier minderjarige kinders van onderskeidelik 10 jaar, 8 jaar, 4 jaar en 15 maande oud.

10.3 Die Appellant het gewerk as 'n huishulp en het R160.00 vir elke twee weke verdien.

10.4 Die Appellant het twee vorige veroordelings van geweld.

10.5 Die Appellant het skuldig gepleit wat aanduidend daarvan is dat sy berou toon vir die misdryf wat sy gepleeg het.

10.6 Daar was ook die betroke aand van die voorval 'n mate van provokasie gewees aangesien die oorledene die Appellant gekeer het om nie te gaan kuier nie en daar 'n argument ontstaan het;

10.7 Die Appellant was onder die invloed van drank gewees tydens die voorval.

10.8 Die Appellant het onmiddellik na die voorval na die plaaseienaar gegaan om die ambulans en polisie te ontbied.

[11] Mnr. Cloete argumetneer dat, gegewe bogemelde dwingende en wesenlike omstandighede, 'n vonnis van hoogstens 8 jaar gevangenisstraf opgelê moes wees.

[12] Mnr. Q.H. Hollander, namens die Direkteur van Openbare Vervolgings het in sy betoogshoofde, en aanvanklike argument, die mening gehuldig dat daar geen mistastings deur die verhoorlanddros begaan is nie, dat die Verhoorlanddros alle relevante faktore oorweeg het tydens vonnisoplegging.

[13] Hy het onder andere daarop klem gelê dat die Appellant nie ’n eerste oortreder is nie en reeds twee vorige veroordelings vir aanranding het, dat die huidige misdryf gepleeg is ongeveer 8 maande nadat die opskortingstydperk ten opsigte van die laaste aanrandingsaak afgeloop het, dat die Appellant ‘n geneigdheid tot geweldpleging het, dat die misdryf as die ergste vorm van gesinsgeweld beskou kan word, dat die oorledene ten tyde van die pleging van die misdryf geen dreigende gevaar vir die Appellant was nie, dat die provokasie deur die oorledene veroorsaak tot ‘n mate reeds afgeloop het, en dat die Appellant, wie se kinders in pleegsorg was, gewelddadig in die verlede teen ten minste een van die kinders opgetree het.

[14] Laasgemelde submissie is gemaak op grond van die getuienis van die korrektiewe beampte, mnr. Witbooi, wie in sy verslag en ook in sy getuienis, beweer het dat daar ‘n geneigdheid tot aggressie is by die Appellant wanneer sy onder die invloed van drank is.

[15] Dit blyk nie uit die rekord of die verslag van die Korrektiewe Beampte wat die basis is vir hierdie konklusie wat deur hom gevorm is nie. Die enigste aanduiding daarvan word gevind in die getuienis van die korrektiewe beampte waar hy as volg getuig op vrae van die staatsaanklaer:-

*"Did you investigate how she was treating these kids whilst she was drunk?*
*"Ek het navraag gedoen by mnr. Jan Storm in wie se sorg die kinders geplaas is, en hy het aangedui dat ook soos in die TUSSENTYDSE MAGTIGING VIR AANHOUDING VAN 'N KIND IN 'N VEILIGE PLEK, dat sy en die dogtertjie – wanneer sy alkohol/onder die invloed van alkohol was, het sy die ouer dogtertjie met 'n ysterpot teen haar kop geslaan en die kind moes na 'n daghospitaal geneem word vir behandeling.*

*"So she was aggressive, she is aggressive towards her kids?"*
*"Dis korrek, ja."*

*"And for how long has these things been happening?*
*"Ek kan u nie presies 'n tydperk gee nie, U Edele."*

*"Was this aggression towards the kids there before the death of the deceased?"*
*"Dit blyk so te wees"*

*"So she was an aggressive person (inaudible) to the death and after the death she is still aggressive?"*
*"Dit blyk so te wees."*

[16] In die TUSSENTYDSE MAGTIGING VIR DIE AANHOUDING VAN 'N KIND IN 'N VEILIGHEIDSPLEK: Regulasie 9 (2)(a), gedateer 10 Junie 2005 word die volgende vermeld:

*"Die betrokke twee kinders was deur die oog op die kinders verwyder nadat <u>die materne grootmoeder</u>, wie onder die invloed van alkohol was, die ouer dogtertjie met 'n ysterpot teen haar kop geslaan het. Die wond moes deur die daghospitaal behandel word."* (My onderstreping).

Dit blyk gevolglik dat bogemelde benadelende getuienis met betrekking tot die beweerde aggressie van die Appellant, op die leidende vraag van die Staatsaanklaer, verkeerdelik deur die Korrektiewe Beampte voor die Verhoorhof geplaas is.

[17] Uit die TUSSENTYDSE MAGTIGING blyk duidelik dat dit nie die Appellant is nie, maar wel die Appellant se moeder wie, onder die invloed van drank, die ouer dogtertjie aangerand het.

[18] In die uitspraak op vonnis maak die Verhoorlanddros die volgende aanmerking:

> "*Murder is the most serious offence and it has been noted that at the time of the stabbing you were not even arguing with the deceased. Eventhough you did have a misunderstanding earlier on, this is domestic violence and it is pressed on a daily basis that people should refrain from doing acts like this*."

[18] Die verhoorlanddros het duidelik in hierdie verband misgetas aangesien die pleitverduideliking dit duidelik stel dat daar, behalwe vir die voorafgaande probleem die middag tussen die oorledene en die Appellant, die aand onmiddellik voor die steekvoorval ook 'n argument tussen die twee partye was soos blyk uit die volgende gedeelte van die skriftelike pleitverduideliking:

> "*We had all been drinking early during the day. The evening I was still under the influence of liquor, but knew what I was doing. The deceased was in the kitchen. The deceased and I lived together as man and wife. Earlier I wanted to go to my father on another farm and the decesaed forcibly stopped me. An argument broke out <u>the evening</u>. I came from the bedroom, took an open knife and stabbed the deceased once in the chest. I immediately had remorse and went to the owner of the farm and asked him to call an ambulance and the police.*"

[19] Ek stem met mnr. Cloete saam dat die omstandighede deur hom aangehaal, kumulatief gesien, wel dwingende en wesenlike omstandighede daarstel wat die Hof in 'n posisie plaas om af te wyk van die minimum vonnis voorgeskryf deur Artikel 51(3) van die Strafregwysigingswet, Wet 105 van 1997.

[20] Alhoewel die vroeëre optrede van die oorledene in hierdie sage nie enigsins as regverdiging kon dien nie vir die optrede van die Appellant om hom met 'n mes te dood nie, blyk dit uit die verslag van die Korrektiewe Toesigbeampte dat die oorledene by meer as een geleentheid voor die voorval die Appellant geprovokeer het deur haar vroeër die middag te klap en ook in te hardloop en terug te bring huis toe nadat sy na haar vader op 'n nabygeleë plaas wou stap.

[21] Wat ook uit die korrektiewe beampte se verslag blyk, en nie deur die Verhoorregter in aanmerking geneem is by vonnisoplegging nie, is die feit dat die Appellant, nadat sy die middag gaan slaap het en teen ongeveer 20:00 weer opgestaan het, weereens alkohol gebruik het voordat sy die oorledene met die mes gesteek het.

[21] Gegewe bogemelde omstandighede is ek van oordeel dat die vonnis skokkend onvanpas is tot die mate dat dit die Hof van Appèl in staat stel om met die vonnis in te meng, soos gestel

deur Holmes, R in **S v De Jager & Another** 1965 (2) SA 616 AD op 628 H tot 629 B:-

"*In this regard an accepted test is whether the sentence induces a sense of shock that is to say if there is a striking disparity between the sentence passed and that which the Court of Appeal would have proposed*."

[22] Vir bogemelde redes is ek ook van oordeel dat die vonnis deur die Verhoorhof opgelê uit verhouding is met die erns van die misdryf, die persoonlike omstandighede van die Appellant sowel as die belange van die gemeenskap tot so 'n mate dat geregtigheid nie gedien sal word tensy die vonnis verminder word nie soos bedoel in **S v Malgas** 2001 (1) SASV 469 (HHA) op 482 E tot F.

[23] Ek is van oordeel dat 'n gepaste vonnis in die omstandighede sal wees 10 (TIEN) jaar gevangenisstraf.

**BEVEL**

1. **DIE APPÈL SLAAG MET BETREKKING TOT DIE VONNIS.**

2. **DIE VONNIS VAN 15 (VYFTIEN) JAAR GEVANGENISSTRAF WORD TERSYDE GESTEL EN VERVANG MET 'N VONNIS VAN 10 (TIEN) JAAR GEVANGENISSTRAF.**

3. **DIE VONNIS WORD INGEVOLGE ARTIKEL 282 VAN DIE STRAFPROSESWET 51 VAN 1977 TERUGDATEER NA 28 NOVEMBER 2005.**

Botha, WnR
**REGTER**

Ek stem saam.

Williams, R
**REGTER**

| | |
|---|---|
| **Namens appellant:** | **Adv P.J. Cloete i.o.v. Kimberley Regshulpraad** |
| **Namens respondent:** | **Adv Q.H. Hollander i.o.v. DOV** |